

KORO-KORO : November 2010



Die naweek by Koro-Koro was warm, maar baie warm..... Wim en Margriet het dadelik gebruik gemaak van die swembad terwyl hulle besig was om hul woonwa staan te maak. Vroeg reeds het ons lede aangekom en skaduplek gesoek vir hul waens. Die klein groepie Seniors het bymekaar begin kuier om die aand se ete te beplan. Spoedig het die gasbottels te voorskyn gekom en is daar brood gesmeer vir die "jaffles" wat gemaak moet word. Die

Seniors se harde werk is beloon met 'n mooi bedrag wat vir Rietvallei se kas ingebring is. (Dankie aan die Seniors vir die heerlike "Jaffles" & nagereg tydens Saterdagmiddag se funksie - julle het ons voorwaar bederf ☺)

Saterdag is daar behoorlik gerus en gekuier en almal het sover moontlik teen die



warm son skuiling gesoek. Die skadukolletjies wat die paar doringbome verskaf het is baie goed benut en kort-kort is die kampstoele verskuif om in die koelte te bly soos die son water trek. Die kinders kon nie wag om hul geskenke oop te maak nie en is daar ook 'n





nagereg wat voorberei is deur die Senior dames het die wind ons oorval en het elkeen gaan skuiling soek in sy wa.



heerlike kindertafel gedek met oorgenoeg soetgoed vir oud en jonk. Teen laat middag is die rugby met groot spanning afgewag. Party het onder Jaco se tent stelling ingeneem, ander het die hitte aangedurf en na die kroeg verhuis vir die wedstryd (of was die koue bier dalk die groot aantrekking). Teen skemer het almal bymekaar gekom en het die bestuur gesorg vir 'n verskeidenheid van potjies - van wildspot tot kerriehoenderpot. Die

Sondagoggend het Koro-Koro se bestuur ons bederf deur die heerlike lugreëling in die saal vir ons aan te skakel alvorens Marnette gesorg het vir 'n boodskap wat jou diep na jouself laat kyk. Na ete het die weer opgesteek en sommige het inderhaas opgeslaan om voor die reën weg te kom. 'n Paar bitter-einders het die reën getrotseer en eers na die reën die nat seile in hul bakkies gegooi en die pad aangedurf huistoe.



Ons laaste kamp vir 2010 is verby en ons kyk met groot afwagting uit na Januarie 2011 se saamkuier.

Deur: Alta van Eeden



wat in die bosveld-hitte die kookwerk aangedurf het, het geweet wat hulle doen en almal het vinnig die potte geleedig. Terwyl ons nog besig was om weg te lê aan die

